


# GEBEDSGIDS

## Ontwaking van die Kerk - Goddelike regering - Herstel van die samelewing

20 Mei - 9 Junie 2024

Uitnodiging aan die Liggaam van Christus na 21 dae van dag en nag gebed en vas vir Suid-Afrika.

Waarom hierdie inisiatief? Die toenemende geweld, immoraliteit en korrupsie in ons land die afgelope paar jaar bly vir baie mense 'n bron van kommer. Daar word gesê dat 80% van die bevolking van Suid-Afrika bely dat hulle Christene is, maar die samelewing weerspieël nie die vrug van die Evangelie nie. Selfs terwyl die nasie homself voorberei vir 'n algemene verkiesing op die 29ste Mei 2024, voel baie mense desperaat en sonder hoop dat dinge sal verander.

William Booth, stigter van die Heilsleër, het dit oor ons generasie te sê gehad:

> "Ek is van mening dat die grootste gevare wat die komende eeu in die gesig staar, godsdiens sonder die Heilige Gees, Christenskap sonder Christus, vergifnis sonder bekering, redding sonder wedergeboorte, politiek sonder God en die hemel sonder die hel sal wees."

Hierdie is 'n oproep tot desperate gebed vir die nasie van Suid-Afrika. Desperate gebed kom wanneer ons die werklikheid in die gesig staar op die punt waar daar, menslik moontlik, GEEN UITWEG is nie.

**MAAR GOD…**

*Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep. Wie weet of Hy nie die straf sal herroep nie; of Hy nie weer voorspoed sal gee nie sodat daar weer graan- en drankoffers sal wees vir die Here julle God!* (Joël 2:12-14).

IFSA (Intercessors for South Africa) is 'n forum van verskeie nasionale gebedsnetwerke wat elke Christen, elke plaaslike kerk en elke denominasie oproep tot 'n seisoen van desperate gebed vir Suid-Afrika.

Ontwaking van die Kerk

Goddelike regering

Herstel van die samelewing

Ons nooi jou uit om die volgende te oorweeg:

- **Korporatiewe gebedsbyeenkomste** – Oorweeg dit om elke week een korporatiewe gebedsbyeenkoms in jou plaaslike kerk of gemeenskap aan te bied. (Video: Why pray?)

- **24-7 Biddende Kerke -** Oorweeg dit om 'n 24-7 Gebedsketting te vestig met 24 gelowiges wat elke uur, van dieselfde dag as jou korporatiewe byeenkoms, bid. Registreer jou kerk/groep hier: https://tinyurl.com/AWAKENSA

- **Vas en Gebed – Ons nooi elke gelowige uit om te vas en te bid gedurende hierdie 21 dae. Oorweeg dit om een maaltyd per dag oor te slaan.** (Article: Fasting and prayer – a biblical discipline)

- **Nasionale Gebedsbyeenkomste (Zoom skakel volg binnekort)**
  21 Mei - 28 Mei - 4 Junie (elke dag om 11:00 SAST)



# WEEK EEN:

## Ontwaking van die Kerk

(20- 26 Mei 2024)

### Maandag 20 Mei   Volkome en ten volle oortuig




*"Epafras …bid altyd ernstig vir julle dat julle staande mag bly, geestelik volwasse en in alles volkome gehoorsaam aan die wil van God.* (Kolossense 4:12).

God se primêre agent om Sy koninkryk op aarde te bevorder, is die Kerk (Markus 16:15; Efesiërs 3:10). Dit is deur die Kerk dat Jesus Christus Sy doel op aarde uitvoer. Ons is geroep om die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld te wees (Matteus 5:13-16). Die bereiking en dissipelskap van die nasies sal nie sonder die Kerk gebeur nie (Matteus 28:19-20). Ons het 'n groot verantwoordelikheid gekry.

- Dank God vir die plaaslike kerke in jou omgewing. Wees so spesifiek as wat jy kan, noem die kerke en bid ook vir hulle leierskap.
- Bid dat die Kerk volkome en ten volle oortuig sal wees in die ganse wil van God.
- Bid dat die Kerk sal groei van geloof tot geloof, van krag tot krag en van heerlikheid tot heerlikheid.

### Aanvullende Skrif:

**2 Korintiërs 3:18 -** *Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.*

**Spreuke 4:18 -** *Die pad van die regverdiges is soos helder oggendlig wat groei en sterker word tot dit heeltemal dag is.*

**Jesaja 40:31 -** Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.

## Dinsdag 21 Mei    Ontwaak en staan op



*Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood. Word wakker en versterk wat nog by julle oorgebly het, wat op die punt staan om dood te loop. Wat julle doen, vind Ek nie goed genoeg voor die oë van my God nie.* (Openbaring 3:1b-2).

Die Kerk van Sardis het 'n reputasie gehad dat hy lewendig is. Op die oog af het dit soos 'n gesonde lewendige kerk gelyk, maar Jesus het egter hierdie kerk bestraf en sy ware geestelike toestand geopenbaar. Volgens Hom het hulle 'aan die slaap geraak', omdat hulle nie meer geestelik wakker en waaksaam was nie. Twee keer in Sy bestraffing vermaan Hy hulle en sê: 'Word wakker'. Die Kerk word geroep om wakker, nugter en waaksaam te wees. Sy word geroep om op te staan en te skyn in hierdie donker wêreld.

- Bid dat Jesus genade oor die Kerk in Suid-Afrika sal uitstort – genade om wakker te word en genade om op te staan.
- Bid dat die boeie van geestelike apatie, lusteloosheid, sluimering en onverskilligheid van die Liggaam van Christus gebreek sal word.
- Bid dat die Kerk nugter en waaksaam sal wees, sal waak en bid.
- Verklaar dat die Kerk in Suid-Afrika sal opstaan en in groot genade, geloof, standvastigheid en geestelike gesag sal beweeg.

### Aanvullende Skrif:

**Jesaja 60:1-2 -** *Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring. Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn sy magtige teenwoordigheid*.

**Efesiërs 5:14 -** *En as iets bekend geword het, is dit in die lig. Daarom sê die lied: "Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig."*

**1 Petrus 4:7 -** *Die einde van alles is naby. Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid.*

## Woensdag 22 Mei   Die slagveld van ons gedagtes



*"Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig.* (2 Korintiërs 10:4).

Die vyand voer 'n stryd om die siel van die Kerk – die verstand, die wil en die emosies. Die manier waarop ons dink beïnvloed ons emosies, ons wil en dus ons optrede. Vir die vyand om ons uit te oorlê, moet hy eers 'n vastrapplek op ons gedagtelewe kry. As hy 'n denkpatroon kan vestig wat in stryd is met die wil en weë van God, kan hy ons verslaan. Daarom is beskerming oor ons gedagtes as gelowiges van kardinale belang.

Namate Suid-Afrika se nasionale verkiesing nader kom en ons as Christene ons reg en verantwoordelikheid uitoefen om te stem, is dit noodsaaklik dat ons as Kerk die denke van Christus het – om deur Sy gedagtes en doel gelei te word.

- Bid dat ons as volgelinge van Christus verstandelik wakker, nugter en voorbereid sal wees vir aksie (1 Petrus 1:13).
- Bid dat ons 'n gesonde verstand sal hê (2 Timoteus 1:7).
- Bid dat ons gees en gedagtes vernuwe word (Efesiërs 4:23).
- Bid dat ons nie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar God sal toelaat om ons te verander deur ons denke te vernuwe. Dan sal ons ook kan onderskei wat die wil van God is (Romeine 12:2).

## Aanvullende Skrif:

**1 Petrus 1:13 -** *Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus.*

**Romeine 12:2 -** *Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*

**Efesiërs 6:16 -** *Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer.*

## Donderdag 23 Mei  Vergewe en word genees



*Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.* (Efesiërs 4:32).

Elkeen van ons is al een of ander tyd deur 'n ander persoon verontreg, seergemaak en het dalk een of ander vorm van onreg gely. Ons moet onthou dat Jesus self al hierdie dinge beleef het en tog vir ons 'n barmhartige en vergewensgesinde hart gewys het toe Hy aan die Kruis gesê het: *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"* (Lukas 23:34).

As 'n nasie het ons baie vorme van ongeregtigheid ervaar. Dit lyk soms of ons land die pyn van die verlede dra. Ons het genesing nodig. Genesing sal egter nie kom deur bekering alleen nie, maar wanneer ons mekaar vergewe sonder voorbehoud. Wanneer ons kies om nie te vergewe nie, hou ons vas aan die pyn wat Christus wil genees.

Corrie ten Boom wat van die ergste soorte onreg verduur het terwyl sy in 'n Nazi-konsentrasiekamp was, vertel 'n kragtige verhaal van die genesing wat in haar hart gekom het toe sy jare later van aangesig tot aangesig met een van haar ontvoerders gekom het. Lees meer oor haar verhaal: https://guideposts.org/positive-living/guideposts-classics-corrie-ten-boom-forgiveness/

Corrie se ervaring dui so mooi daarop hoe vergifnis nie net die oortreder vrylaat nie, maar die slagoffer in die proses vrymaak.

- Bid vir 'n oorvloed van genade vir mense om te vergewe waar vergifnis nodig is.
- Bid vir jouself. Vergewe enigeen wat vir jou aanstoot gee.
- Bid vir ons nasie. Bid dat daar vergifnis en genesing vir alle rasse-ongeregtighede sal wees.
- Bid vir die genesing van ons harte en van ons land.
- Bid dat die vesting van onvergewensgesindheid, haat, bitterheid, wrok en woede verbreek sal word.

### Aanvullende Skrif:

**Markus 11:25 -** *"En wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredings vergewe."*

**Spreuke 17:9 -** *Wie 'n verkeerde optrede teenoor homself verontagsaam, soek goeie verhoudinge; wie 'n saak bly ophaal, bring verwydering tussen vriende.*

**Spreuke 25:21 -** *As iemand wat jou haat, honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink.*

## Vrydag 24 Mei   Die behoefte aan herlewing




*Wil U nie weer die lewe vir ons nuut maak sodat u volk hulle vreugde in U kan vind nie*? (Psalm 85:7).

Histories is die woord 'herlewing' dikwels gebruik om 'n seisoen van tyd te beskryf wanneer God Sy Gees op 'n spesiale, soms dramatiese manier sou uitstort op 'n gemeente of 'n hele gemeenskap van mense wat getransformeerde lewens en dorpe of stede tot gevolg gehad het. Soms is die morele klimaat van 'n hele nasie verander namate die vuur van herlewing deur die hele land gespoel het. Oortuiging van sonde sou op 'n ongewone manier op die gereddes en ongereddes val, wat daartoe gelei het dat duisende siele in die koninkryk in meegevoer sou word. Meestal het hierdie 'herlewings' gekom wanneer samelewings onder die greep van groot geestelike duisternis en morele verval gesteier het en 'n groot deel van die kerk geestelik dood en nie Geesvervuld was nie.

- Bid vir 'n ware uitstorting van die Heilige Gees regdeur ons land.
- Bid dat die Kerk sal terugkeer na haar eerste liefde (Openbaring 2:4).
- Bid dat 'n gees van bekering opnuut op ons as die Kerk sal val, vir rein hande en harte sodat ons die berg van die Here kan opgaan (Psalm 24:3-4).
- Bid dat ons as volk sal terugkeer na die bron van lewende water en Hom nie weer sal verlaat nie (Jeremia 2:13).

### Aanvullende Skrif:

**Handelinge 3:19-20 -** *Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis. En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom en sal Hy Jesus stuur, wat vooraf vir julle as die Christus aangewys is.*

**Handelinge 2:17 -** *Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom.*

**Jesaja 32:15-16 -** *So sal dit wees totdat die Gees van Bo af op ons uitgestort word. Dan word die woestyn 'n vrugteboord en word die vrugteboord so dig dat dit vir 'n bos aangesien word. Maar in woestyn en in vrugteboord sal reg geskied en reg gedoen word.*

## Saterdag 25 Mei Herlewing van die Woord



*Ek verkeer in doodsgevaar, gee my nuwe lewe soos U in u woord beloof het.* (Psalm 119:25).

Alhoewel gebed die hartklop van herlewing is, moet die Woord van God die grondslag daarvan wees. Die hoogste en finale gesag wat ons as gelowiges het, is die geskrewe Woord van God – die Skrif (Psalm 138:2). Niks kan die luister na God wat met ons praat deur Sy Woord vervang *nie, want "Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom"* (Matteus 4:4). Die Woord vernuwe nie net die verstand nie, maar dit voed die gees. Om biddend die Skrif te oordink is 'n primêre bron van geestelike krag.

- Kom ons bely dit en bekeer van luiheid en 'n gebrek aan dissipline wanneer dit kom by die lees en bestudering van die Skrif.
- Vra die Heilige Gees om 'n honger en dors na die Woord van God in ons te laat herleef.
- Vra vir die Here om die Skrif vir ons lewend en oop te maak.

### Aanvullende Skrif:

**Lukas 24*:32* -** *Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?"*

**Jeremia 15:16 -** *Ek het u woorde verslind toe hulle gekom het, hulle was vir my 'n vreugde; ek was bly daaroor dat u Naam oor my uitgeroep is, Here, almagtige God.*

**Handelinge 20:32 -** *Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het.*

## Sondag 26 Mei   Verenig staan ons; verdeeld val ons



*As 'n koninkryk onderling verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie; en as 'n huisgesin onderling verdeeld is, sal daardie huisgesin nie kan bly staan nie.* (Markus 3:24-25).

Die vooruitgang van Christus se koninkryk in die nasies van die wêreld het van tyd tot tyd terugslae en vertragings beleef. 'n Belangrike bydraende faktor hiertoe is verdeeldheid en twis in die Liggaam van Christus. Hierdie beginsel word gesien in die boek Markus. 'n Koninkryk wat teen homself verdeeld is, sal val. Dit is waar van enige koninkryk.

Daar is 'n seën uit God se hand wat net deur eenheid kom (Psalm 133:1). Daar is ook 'n vermoë om iets te bereik wat net deur 'n verenigde poging kan plaasvind. Genesis 11:6 - Laat ons belydenis doen oor al die verdeeldheid, twis, skinder, agterbaksheid en laster wat in die Liggaam van Christus plaasvind.

- Bid dat ons eerstens verenig sal wees met ons Hoof, Jesus Christus (Kolossense 2:19) en dan met mekaar.
- Bid teen die vesting van verdeeldheid.
- Bid dat ons die verskillende gawes, genade en roepings op die verskillende lede van Christus se Liggaam sal herken en waardeer (Efesiërs 4:11-16). Ons het mekaar nodig!

### Aanvullende Skrif:

**Psalm 133:1-3** - *Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon! Dit is soos reukolie wat van die kop af in die baard afloop, die baard van Aäron, af tot by die soom van sy klere. Dit is soos die dou van Hermonberg wat op die berge by Sion val. Waar broers so saam woon, skenk die Here sy seën: 'n lang, lang lewe.*

**Romeine 12:4-5 -** *Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar.*

**Efesiërs 4:3 -** *Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.*

.

# WEEK TWEE:

## Goddelike regering

(27 Mei – 2 Junie 2024)

### Maandag 27 Mei Redding vir gesaghebbendes



*Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is.* (2 Korintiërs 4:4).

Daar is baie wie gesagsposisies in ons land beklee wat Christus nie as Here en Verlosser ken nie. Hulle moet net soos enige ander verlore persoon bereik word, want God *wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom* (1 Timoteus 2:4). Dit sluit konings, presidente en almal in die regering in. Daarom het God die apostel Paulus geroep om die Evangelie aan drie groepe mense – die Jode, die heidene en hulle konings – te verkondig (Handelinge 9:15).

- Bid dat God mense sal oprig wat in staat is om leiers in gesag te bereik met die Evangelie van Christus.
- Bid vir die redding van mense wat in leierskap in ons land is. Bid dat die Vader hulle na die Seun sal trek (Johannes 6:44).
- Bid dat die geestelike sluier wat hulle verstand verblind vir die waarheid van die Evangelie verwyder sal word en dat hulle hul behoefte aan Christus sal raaksien.
- Bid dat die Heilige Gees hulle sal oortuig van sonde, van geregtigheid en van oordeel (Johannes 16:8).
- Bid dat hulle sal weet en verstaan dat Jesus Christus die weg en die waarheid en die lewe is, en dat die enigste weg na die Vader deur Hom is (Johannes 14:6).

### Aanvullende Skrif:

**Handelinge 9:15 -** *Toe sê die Here vir hom: "Gaan daarheen, want Ek het hom gekies as my werktuig om my Naam uit te dra onder die heidennasies en hulle konings en ook onder Israel.*

**Psalm 72:11 -** *Mag alle konings voor hom buig en al die nasies hom dien.*

**Psalm 138:4 -** *Al die konings van die aarde sal U loof, Here, wanneer hulle u woord hoor.*

## Dinsdag 28 Mei   Leiers wat God vrees



*"Wees dan nou verstandig, konings, wees gewaarsku, regeerders van die aarde! Julle moet die Here met ontsag dien, Hom met vrees en bewing toejuig.* (Psalm 2:10-11).

Die Skrif sê vir ons dat die vrees van die Here die beginsel van kennis is (Spreuke 1:7), gelukkig is die mens wat gedurigdeur vrees; maar hy wat sy hart verhard sal in onheil val (Spreuke 28:14). In die Ou Testament sien ons voorbeelde van konings wat die Here gevrees het en konings wat nie die Here gevrees het nie. 'n Koning wat God gevrees het, sou lei op 'n manier wat die Here behaag het; reg doen in Sy oë. Die jong koning Josia was een van hulle.

Ons leef in 'n tyd waar die eerbiedige vrees vir die Here grootliks afwesig is, nie net in die regering en die samelewing nie, maar selfs in 'n groot deel van die Kerk. Ons moet bid dat dit herstel sal word.

- Bid dat God in ons land regerende owerhede, regters en wetgewers sal oprig wat die Here vrees en begeer om Hom eer te bring.
- Bid dat diegene in gesagsposisies deeglik sal nadink oor wat hulle doen en hoe hulle regeer, want hulle sal rekenskap moet gee aan Hom wie hulle gemaak het.
- Bid dat die Here vir ons leiers sal gee wat Hom met ontsag dien en onderdanig is aan Sy heerskappy (Psalm 2:10-11).
- Bid dat beleide en wetgewing geskryf sal word wat in ooreenstemming is met die Skrif en bybelse waardes.

### Aanvullende Skrif:

**2 Kronieke 19:5-7 (NLV) -** *Van stad tot stad, in al die vestingstede van Juda, het hy regters in die land aangestel en hulle opdrag gegee: "Let goed op wat julle doen, want julle oefen die regspraak uit nie vir mense nie, maar vir die Here. Die verantwoordelikheid vir die reg rus op julle. Mag die vrees vir die Here julle bybly! Wees versigtig en doen julle plig. By die Here ons God is daar nie onreg en bevoordeling en korrupsie nie."*

**Jesaja 66:2b -** *Ek slaan ag op die mens in nood, op dié een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord.*

**2 Kronieke 34:1-2 -** *Josia was ag toe hy koning geword het en het een en dertig jaar in Jerusalem geregeer. Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here. Hy het die pad van sy voorvader Dawid geloop en daar nie links of regs van afgewyk nie.*

## Woensdag 29 Mei Vreedsame verkiesings

*Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange.* (Jeremia 29:7).




Ons God is 'n God van Vrede. Hy is nie die outeur van chaos, verwarring en wanorde nie. Hy begeer om die nasies met vrede en voorspoed te seën.

Terwyl Suid-Afrikaners vandag stem, kom ons bid en vra die Here vir vrede en voorspoed van ons nasie. Daar is dreigemente van moontlike burgerlike onrus wat uitgelok word, maar kom ons bid dat alle Suid-Afrikaanse burgers in liefde, vrede en harmonie sal saamleef en saamwerk.

- Vra die Here vir vrede binne ons land se grense (Psalm 147:14) en om enige opstand en geweld in toom te hou.
- Bid dat Suid-Afrikaners sal *wegbly van die kwaad af en doen wat goed is, vrede soek en dit najaag!* (Psalm 34:15).
- Bid dat die Here lig bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om hul voetstappe te rig op die pad van vrede (Lukas 1:78).
- Bid dat die vrede van God ons land sal deurdring en die opbou van enige demoniese storm van burgerlike onrus, onluste, geweld en bloedvergieting tydens hierdie verkiesing sal kalmeer (Markus 4:39).
- Bid dat kiesers nie op hulle eie insigte sal staatmaak nie, maar dat hulle die Here sal vra vir wysheid oor hoe om te stem (Spreuke 3:5).
- Bid vir 'n veilige en regverdige verkiesing.

### Aanvullende Skrif:

**Filippense 4:6-7 -** Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

**Lukas 1:78-79 -** *"Danksy die genadige ontferming van ons God. Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede."*

**Markus 4:39 -** *Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: "Hou op! Bedaar!" Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom.*

## Donderdag 30 Mei Regverdige Regering



*As jy die goddeloses by die koning wegvat, kan hy regverdig bly regeer.* (Spreuke 25:5).

Wanneer ons leiers het wat volgens God se regverdige standaarde regeer, kan dit vir 'n nasie groot seën bring (Spreuke 14:34). Dit is nie God se wil vir 'n nasie om regeringsleiers te hê wat aan korrupsie oorgegee is of wat lieg, steel, bedrieg, wette oortree, onderdruk, verslaaf is ens. nie, *want 'n volk juig as regverdige mense die mag kry; 'n volk sug as 'n goddelose mens regeer.* (Spreuke 29:2). Goddelike leiers kan selfs vir die Kerk 'n groot seën wees. Hulle kan die godsdienstige vryhede van 'n nasie beskerm, wat die Kerk vryheid gee om te bid en te evangeliseer sonder vervolging. Dit behaag die Here (1 Timoteus 2:2).

- Bid dat regverdige leiers sal opstaan, dié wat in integriteit wandel; wat nie na regs of links draai nie.
- Bid dat bose invloede verwyder sal word uit die teenwoordigheid van gesaghebbendes. Vra die Here om hulle met goddelike raadgewers te omring.
- Bid dat God die mag van die goddeloses verpletter, maar die regverdige verhef (Psalm 75:11).
- Vra die Here om die pogings van diegene wat godsdiensvryheid uit ons land probeer verwyder, te dwarsboom.
- Vra die Here om die planne van slinkse mense te verydel sodat hulle niks blywends tot stand sal bring nie (Job 5:12).
- Bid dat diegene wat by korrupsie betrokke is, blootgestel en verwyder sal word.

### Aanvullende Skrif:

**Daniël 2:21 -** *Hy wat tye en omstandighede verander, wat konings afsit en konings aanstel, wat aan die wyse manne die wysheid gee en die verstand aan dié wat insig het.*

**Psalm 94:20 -** *U duld geen korrupsie in die regspraak nie, geen mens wat, teen u gebod in, ellende veroorsaak nie.*

**Hosea 8:4a -** *Hulle het hulle eie konings aangestel sonder my goedkeuring, hulle het leiers aangestel wat Ek nie erken nie.*

## Vrydag 31 Mei Bid vir reg en geregtigheid




*Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos 'n standhoudende stroom.* (Amos 5:24).

Leiers wat geregtigheid liefhet, sal stabiliteit in 'n land bring. Maar wanneer 'n land se leiers toegee aan omkopery en korrupsie, breek hulle dit af (Spreuke 29:4). Ons wil sien dat geregtigheid oor ons land uitgestort word.

- Bid dat regeringsleiers 'n diep liefde in hul harte vir die volk (Spreuke 20:28) van Suid-Afrika sal hê en sal werk aan die stabiliteit en voorspoed van ons land.
- Bid dat hulle 'n dowe oor sal draai vir omkopery en hul hande ver sal hou van korrupsie en onreg.
- Bid dat hulle sal weet wat die Here van hulle vereis*: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God* (Miga 6:8).
- Bid vir ons regstelsel en wetgewers – dat hulle met deernis ware geregtigheid vir almal sal administreer en handhaaf.
- Bid vir die regters van hierdie nasie, dat hulle die wysheid sal soek wat van bo af kom, soos die Skrif sê - *Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg.* (Jakobus 3:17).

### Aanvullende Skrif:

**Spreuke 29:4 -** *'n Koning wat reg laat geskied, maak 'n land veilig; een wat net belastings oplê, ruïneer 'n land.*

**Sagaria 7:9-10 -** *So het die Here die Almagtige gesê: Laat reg geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar; moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie; moenie bose planne teen mekaar bedink nie.*

**Amos 5:14-15 -** *Probeer goed doen, nie verkeerd nie, dat julle kan lewe! Dan sal die Here die almagtige God so by julle wees soos julle sê dat Hy is. Julle moet haat wat verkeerd is, julle moet liefhê wat goed is, julle moet opkom vir die reg in die howe. Dan sal die Here die almagtige God Hom dalk ontferm…*

## Saterdag 1 Junie Verklarings oor Suid-Afrika




*Hy het sy hand uitgesteek, my mond aangeraak en vir my gesê: Ek het nou my woorde in jou mond gelê. Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig.* (Jeremia 1:9-10).

Daar is beloftes in die Bybel aangaande die nasies. Hieronder is 'n paar Skrifgedeeltes om te gebruik, gevolg deur 'n verklaring. Laat ons monde gevul word met God se Woord sodat ons in hierdie tyd lewe oor ons nasie kan spreek.

- **Jesaja 61:11 -** *Soos die grond plante laat uitspruit, soos die plante in 'n tuin vrugte gee, so gee die Here my God die oorwinning en laat Hy al die nasies luister na die loflied tot sy eer.*
  ONS SÊ: "LAAT DIE SAAD VAN GEREGTIGHEID EN LOF UITSPRUIT IN SUID-AFRIKA. LAAT LOF ELKE PROVINSIE, STAD, DORP EN GEMEENSKAP VUL IN JESUS SE NAAM".

- **Esegiël 38:23 -** *'Ek sal My voor die oë van al die nasies laat ken as die groot en die heilige God, en hulle sal besef dat Ek die Here is."*
  HERE VAN DIE HERE EN KONING VAN DIE KONINGS, VOLGENS U BELOFTE, TOON U GROOTHEID EN HEILIGHEID AAN SUID-AFRIKA. MAAK USELF BEKEND AAN HIERDIE NASIE. LAAT DIE MENSE WEET DAT U ALLEEN GOD IS – DIE LEWENDE GOD! ONS VERKLAAR DAT SUID-AFRIKA SAL SIEN HOE GROOT DIE HERE IS!

- **Maleagi 1:14b –** *"Ek is die Grootkoning, sê die Here die Almagtige, vir My het die nasies ontsag."*
  ONS VERKLAAR OOR JOU SUID-AFRIKA: "DIE HERE IS 'N GROOT KONING EN AS 'N NASIE SAL JY SY NAAM VREES".

- Neem gerus ander Skrifgedeeltes waarvan jy weet of wat die Heilige Gees vir jou lewend maak en verander dit in positiewe verklarings.

## Sondag 2 Junie Laat U koninkryk kom!



*En Hy sê vir hulle: "Wanneer julle bid, sê dan: Vader, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom".* (Lukas 11:2).

Die koninkryke van mense is aardse koninkryke, hulle is tydelik. Hulle staan op en hulle val. Tog is daar 'n ander koninkryk wat bo hulle almal is; die koninkryk van die hemele. God se koninkryk is 'n ewige koninkryk en dit bestaan deur al die geslagte heen (Psalm 145:13). Daar is 'n ander koninkryk waarvan die Skrif praat wat nie deur die sigbare oog gesien kan word nie, dit is die koninkryk van die duisternis. Hierdie koninkryk is in 'n oorlog gewikkel met die koninkryk van die Lig en probeer om heerskappy te hê in die koninkryke van mense. So ontstaan 'n botsing van koninkryke. Die duisternis kan nooit die Lig oorwin nie!

Alhoewel God soewerein oor die ganse heelal is en aktief betrokke is by die sake van die nasies (Daniël 2:21), het Hy vrye wil aan die hele mensdom gegee. Hierdie krag van keuse wat aan die mens gegee word, word dikwels beïnvloed deur die donker koninkryk en sy demoniese belange. Elke keer wanneer God se koninkryk die aarde binnedring, bring dit gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee (Romeine 14:17).

- Bid dat die koninkryk van God in Suid-Afrika sal kom.
- Bid dat Sy koninkryk in jou stad en provinsie sal kom.
- Bid dat Sy koninkryk in die regering sal kom.
- Bid dat Sy koninkryk in jou familie sal kom.
- Bid dat Sy koninkryk in die nasies sal kom.
- Dank Hom dat *Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring* (Jesaja 9:6).

Verkondig hardop: Jesus Christus is die Here!

# WEEK DRIE:

## Herstel van die samelewing

(3 - 9 Junie 2024)

### Maandag 3 Junie   Die volgende generasie – jeug en kinders



***...** sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het.* (Psalm 78:4).

God dink in terme van geslagte en beplan daarvolgens (Genesis 9:12). Hy is die God van Abraham, Isak en Jakob. Terwyl die samelewing geneig is om meer oor die hede te dink, dink God vooruit.

Ek hou van wat Bill High sê: *"Daar was egter 'n tyd toe mense nie net aan hulself gedink het nie. Hulle moes aan geslagte dink – die mense wat na hulle sou kom. Boere sou 'n veld skoonmaak met die inagneming dat hul kinders daar sou boer."* Ons moet hierdie denkwyse herstel, veral wat die Kerk en die koninkryk betref.

As die Liggaam van Christus moet ons gebed vir die volgende geslag 'n prioriteit maak! Nege-en-vyftig persent van jong Christene verlaat die kerk tydelik of permanent na die ouderdom van vyftien. Selfmoord is die derde grootste oorsaak van dood onder jeugdiges tussen die ouderdomme tien tot vier-en-twintig. Terwyl die vyand probeer om die jongmense te verslind, het God Sy eie plan vir hulle. Beide histories en in die Bybel het Hy jongmense gebruik om die rigting van nasies te vorm en te beïnvloed. Koning Josia was nog 'n seun toe hy die Here begin soek het, en het Juda en Jerusalem gesuiwer van hoogtes, gewyde pale, gesnede en gegote beelde (2 Kronieke 34:3). George Whitefield was net 26 jaar oud toe God hom gebruik het om die Eerste Groot Ontwaking in Amerika te begin. Evan Roberts wat 'n sentrale figuur en leier in die Walliese herlewing was, was ook net 26. Charles Spurgeon het meer as 600 preke gepreek voordat hy die ouderdom van 20 jaar bereik het.

- Bid dat jongmense goddelike mentors sal vind wat hulle in die Woord van God kan dissipelleer, hulle in hul identiteit in Christus kan vestig en hulle sal toerus met hoe om die wêreld rondom hulle prakties te bereik.
- Bid vir die jongmense wat van Jesus af weggedraai het. Bid dat hulle geloof herstel en versterk sal word (Lukas 22:32).
- Die besluite wat jongmense neem, sal hulle die res van hul lewens beïnvloed. Bid dat God hulle paaie sal rig, hulle sal wegtrek van die kwaad en lei na die goeie, en hulle teen skadelike planne sal beskerm (Spreuke 3:5-6).
- Bid teen die versoeking van selfmoord wat die gedagtes van soveel jeugdiges oorneem. Bid Psalm 118:17 oor hulle.
- Bid teen die desperaatheid, wanhoop en depressie wat baie jongmense onderdruk (Psalm 40:1-3).

Aanvullende Skrif:

**Psalm 22:31 -** *Die nageslag sal Hom dien, en hulle sal van die Here vertel aan die volgende geslag.*

**Psalm 145:4 -** *Geslag na geslag prys wat U doen en vertel van u magtige dade.*

**Psalm 118:17 -** *Ek sal nie sterwe nie, ek sal lewe en van die dade van die Here getuig.*

## Dinsdag 4 Junie   Herstel van bybelse vaderskap



*Elia sal vaders en kinders met mekaar versoen sodat Ek nie hoef te kom en die land heeltemal vernietig nie. (Maleagi 4:6).*

*"Om die ware toestand van 'n nasie te ken, kyk na die toestand van die Kerk. Om die ware toestand van die Kerk te ken, kyk na die gesinne wat haar kerkbanke bevolk. Om die toestand van haar gesinne te ken, kyk na die vaders wat hulle lei. Vernietig die visie van die vader, en jy maak die gesin magteloos."* - 'n aanhaling deur Douglas W. Phillips.

Vaderskap is die fondament waarop God die gesin gebou het. Een van die grootste behoeftes in ons lewens is vir die teenwoordigheid en leiding van 'n vader. Vaders is die fondament van die huis en bied 'n gevoel van orde, stabiliteit, struktuur en rigting. Hulle vestig identiteit by hul kinders. Die rol wat vaders in die huis en in die samelewing speel, moenie onderskat word nie. Ons sal nie gesonde gesinne en gesonde gemeenskappe sonder vaders sien nie.

Suid-Afrika het een van die hoogste koerse van vaderloosheid ter wêreld. Volgens die 2017 Statistieke SA Algemene Huishoudelike Opname leef 61,8% van kinders onder die ouderdom van 18 sonder hul pa.

Die afwesigheid van vaders in gesinne, word gekoppel aan verskeie sosiale euwels. Kinders sonder vaders is meer geneig om aan depressie, angs, lae selfbeeld en gedragsprobleme te ly. Dit is ook 'n groot bydraende faktor tot die misdaadsyfer. Die meeste jong mans wat by bendes aansluit, het nie 'n liefdevolle pa wat by hul lewens betrokke is nie.

- Kom ons bid dat die samelewing die belangrikheid van die Godgegewe rol wat vaders in die gesin en gemeenskap speel sal besef.

- Bid dat mense hul vaderlike rol as 'n gawe van God sal sien en besef dat hulle die hemelse Vader moet weerspieël in hoe hulle hul gesinne en gemeenskappe lei, liefhet, beskerm en regeer.
- Bid teen die leuens, veral komende van liberale kulturele tendense wat probeer om die rol van mans, manlikheid en die hoofskap wat mans geskape is om op te neem, te verkleineer en te ondermyn.
- Bid dat God mense in ons land sal genees van die pyn van verlating en verwerping wat verband hou met vaderloosheid. Bid dat mense 'n openbaring sal hê van die Vaderskap van God en Sy liefde vir hulle.
- Bid dat Christenmans hul priesterlike rol as mans en vaders in die huis sal opneem, hul gesinne bymekaar sal roep vir tye van gebed en om hulle op te bou en te vestig in die beginsels van die Skrif, en as vaders vir vaderlose kinders in ons land sal optree.

## Aanvullende Skrif:

**Psalm 27:10 -** *Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem.*

**Psalm 68:6-7 -** *'n Vader vir weeskinders en 'n beskermer van die reg van weduwees is God in sy heilige woning. God laat eensames in 'n huisgesin woon en lei gevangenes uit na vryheid**...***

**1 Timoteus 3:5 -** *Immers, as iemand nie weet om sy eie huisgesin te beheer nie, hoe kan hy dan die sorg vir die gemeente van God op hom neem?*



## Woensdag 5 Junie Geweld en bloedvergieting




*En onskuldige bloed vergiet, die bloed van hulle seuns en dogters wat hulle aan die afgode van Kanaän geoffer het. So is die land met bloed bevlek.* (Psalm 106:38).

Die heiligheid van die menslike lewe lê daarin dat die mens na die beeld van God geskape is. Elke lewe is kosbaar en hou groot waarde in Sy oë. Wat 'n verskriklike ding is dit om doelbewus die lewe van 'n ander weg te neem. In ons land het moorde die afgelope dekade konsekwent toegeneem. Ons moordsyfer het van 2020 tot 2021 met 23,26% gestyg. Onlangs het die BBC-nuus berig dat geweldsmisdade in Suid-Afrika 'n hoogtepunt in 20 jaar bereik het. Daar is 'n gemiddeld van 75 mense elke dag doodgemaak die afgelope jaar.

Kom ons bid oor geweldsmisdade (gewapende rooftogte ens.), moord op gesinne, kinders en bejaardes, aborsie, seksuele geweld (verkragting, aanranding, seksuele teistering) en gesinsgeweld (verbale, fisiese en emosionele mishandeling).

- Laat ons uitroep na God en die bloedskuld wat ons as volk dra, bely.
- Vra vir die Here om die land te reinig van die verontreiniging wat deur onskuldige bloedvergieting kom.
- Kom ons pleit die Bloed van Jesus en vra dat Sy bloed barmhartigheid oor Suid-Afrika sal spreek.
- Bid dat die heiligheid van die lewe as 'n heilige waarde in die samelewing herstel sal word.
- Bid dat God diegene wat slagoffers van geweldsmisdaad is, sal vertroos en genees (Psalm 72:14; Habakuk 1:2; Esegiël 34:16).
- Bid dat menslike en demoniese netwerke van geweld, misdaad en korrupsie verbreek en ontbloot sal word (Spreuke 3:31, 16:29; Jakobus 3:15-16).
- Bid dat ons gemeenskappe verlos sal word van misdadigers en gewelddadiges (2 Samuel 22:3, 49; Jesaja 59:1-16; Spreuke 29:26; Miga 7:2-7).

### Aanvullende Skrif:

**Habakuk 2:12 -** *Ellende wag vir hom wat 'n stad bou met moord, wat 'n dorp aanlê met onreg.*

**Jeremia 22:17 -** *Maar jy is net daarop uit om jou te verryk ten koste van ander, jy kyk net waar jy mense onskuldig kan doodmaak, waar jy kan verdruk en afpers.*

**2 Konings 21:16 -** *Behalwe die sonde wat Manasse Juda laat doen het, wat verkeerd was in die oë van die Here, het Manasse ook nog baie onskuldige mense laat doodmaak. Jerusalem was van hoek tot kant vol bloed.*

## Donderdag 6 Junie Onderwys (skole/universiteite)




*Al jou inwoners sal leerlinge van die Here wees, en hulle sal altyd vrede geniet.* (Jesaja 54:13).

Daar was 'n tyd toe skooldae gewoonlik begin het met 'n gebed, lofsang en skriflesing. Hierdie aktiwiteite saam met godsdiensonderrig was vir baie die bron van morele waardes, soos respek, dissipline, integriteit, omgee vir mekaar, ens. Vandag se onderwysstelsel het drasties afgewyk van die goue fondamente wat vroeër jare gelê is. Net soos God egter veroorsaak het dat die ballingskap van Juda en Israel omgekeer is en hulle herbou het soos hulle voorheen was, kan Hy dieselfde in ons skole doen (Jeremia 33:7). Hy kan herstel.

- Bid dat Christene sal opstaan en verantwoordelikheid sal neem om die skole in hul gemeenskap gereeld met gebed te ondersteun.
- Bid vir veiligheid, sekuriteit en beskerming teen ongelukke en ander probleme. Vra die Here om enigiemand wat kinders en volwassenes op enige manier op die perseel skade kan berokken, te weerhou.
- Bid vir leerders wat gebuk gaan onder angs en ander geestesgesondheidskwessies wat hul leervermoë beïnvloed.
- Onderwysers gee die toon aan van 'n skool en hulle het ook gebedsondersteuning nodig. Vind die name van sommige onderwysers by skole in jou area en bid vir hulle by die naam. Bid dat hulle die wysheid en kreatiwiteit sal hê wat nodig is om hul leerlinge te onderrig en te mentor.
- Bid vir Christen leerkragte dat hulle in hul geloof bemoedig sal word en geleenthede sal raaksien om die liefde van God aan die mense rondom hulle te betoon.
- Bid teen wanorde, chaos en rebellie, afknouery ens. wat in baie skole hoogty vier. Bid vir vrede om skole en klaskamers te vul en dat goddelike waardes en beginsels ingeskerp sal word in die lewens van die kinders en die jeug.
- In die meeste lande bepaal die regering skole se finansiering en stel riglyne vas van wat leerlinge geleer en nie geleer moet word nie. Bid dat die beleidmakers en mense aan bewind sal luister na onderwysers en kundiges wat eerstehandse kundigheid het oor hoe om skole op die beste manier te bestuur.

### Aanvullende Skrif:

**Jesaja 48:18 -** *As jy maar aan my gebooie gehoorsaam was, sou daar voorspoed en redding vir jou gekom het, so onkeerbaar soos 'n rivier, soos die golwe van die see.*

**Psalm 119:130 -** *Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is.*

**Psalm 49:4 -** *My mond gaan suiwer wysheid praat; wat ek gaan sê, sal van insig getuig.*

## Vrydag 7 Junie Kuns, Vermaak en sport

*Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee.* (Psalm 19:2-3).

Binne die kuns-, vermaak- en media sektore vind ons van die invloedrykste kragte wat die kultuur van vandag vorm. Dit sluit sport in.

'n Aanhaling van YWAM lui*:*

> "Die arena van kuns en vermaak skep lankal 'n presedent vir kultuur. En waarheen kultuur gaan, daar gaan die samelewing. Kuns en vermaak het die mag om nie net mense se perspektiewe te beïnvloed en te vorm nie, maar ook 'n nasie se wêreldbeskouing. Regoor die wêreld kan ons duidelik 'n aanval van die vyand op die gebied van ontspanning (kuns, vermaak en sport) sien. Die media en vermaak rondom ons vertoon geweld, valse plesier, selfsug en leuens oor wie ons is en wie God is. Die vyand se agenda word ten volle vertoon deur video's, films, musiek en kuns en baie lewens word hierdeur mislei".
> (Bron: ywam.org/pray-for-the-entertainment-industry-and-arts).

Ons het in die onlangse Wêreldbeker-rugbytoernooi gesien hoe Fidji openlik op die veld gebid het, en dat die Suid-Afrikaanse Springbok-span selfs daarby betrokke was. Aangesien sport 'n nasionale obsessie is, bly baie atlete onder dié mense wat kinders die meeste bewonder en wil navolg. Daar is 'n groot geleentheid vir sportmanne en -vroue om getuies vir Jesus Christus te wees en morele waardes, goddelike deugde en etiek aan die volgende geslag oor te dra.

- 'n Vloedgolf van vuilheid het in die lewens van oud en jonk ingekom deur vermaak, media ens. Bid dat die Heilige Gees 'n standaard sal oprig deur goddelike inhoud, waarheid en morele waardes wat deur films, musiek, kuns en sport oorgedra word.
- Bid teen die sterk invloed van die okkulte, heksery, seksuele perversie en verskillende vorme van goddeloosheid wat deur hierdie sfere kom en wat mense in groot duisternis intrek.
- Bid dat God veral vir ouers onderskeidingsvermoë en wysheid sal gee wanneer dit kom by dit wat hulle kinders toelaat om op televisie en ander sosiale media platforms te kyk.
- Bid dat die Here 'n groot afkeer sal veroorsaak teenoor goddelose waardes wat deur die kuns-, media- en vermaak sektor gevier en bevorder word. Bid dat Hy 'n begeerte in die hele samelewing sal skep om goddelike deugde uit te leef.
- Bid dat bome van redding in hierdie sfere geplant sal word wat die duisternis met die lig van die waarheid kan deurboor en eer aan God kan bring deur Heilige Gees geïnspireerde inhoud (Jesaja 61:3).
- Bid vir sportmanne en -vroue om te besef watter groot impak hul prestasies op kinders het, en om te sorg dat hul lewens 'n voorbeeld van integriteit en hoë morele waardes sal wees.

## Saterdag 8 Junie 'n Vars passie vir evangelisasie



*"Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes*." (Lukas 10:2).

Die veld en oes is metafore vir die miljarde mense in die wêreld wat verlossing nodig het. In die boek van Johannes sê Jesus vir Sy dissipels om hulle oë op te hef en te *kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes* (Johannes 4:35).

In die gedeelte Lukas 10:2 is die Griekse woord wat gebruik word vir 'uitstuur' die woord ekballō en dit beteken om 'uit te dryf of uit te stuur met 'n idee van geweld'. Dit is dieselfde woord wat in Lukas 11:20 gebruik is toe Jesus duiwels deur die vinger van God uitgedryf (ekballō) het! Ekballō is nie die normale term wat vir 'stuur' gebruik word, soos die meeste van ons vertalings dit het nie. Dit is eerder 'n woord wat passie en krag oordra! Daar is 'n dringendheid wat hier deur Jesus gekommunikeer word. Die tyd is laat en daar is baie werk wat gedoen moet word! Die Here van die oes is passievol om verlorenes te red, meer passievol as ons. Daarom maak Hy nie 'n voorstel nie, Hy beveel ons om by Hom te pleit om arbeiders in die oesland van die wêreld uit te stuur. Ons moenie ophou om Hom te vra, totdat al die nasies met die Evangelie van die koninkryk bereik is nie.

- Dit is tyd dat 'n nuwe passie vir evangelisasie in die hart van elke dissipel van Christus in hierdie nasie aangesteek word. Kom ons bid vir Sy passie en liefde vir die verlorenes om ons harte opnuut te vul.
- Bid dat gelowiges die geleenthede wat Hy vir hulle skep sal raaksien om getuies te wees en om hulle geloof te deel met diegene wat Hy oor hulle pad bring.
- Vra die Here om die Kerk met 'n heilige vrymoedigheid te vul om die boodskap van die Evangelie te verkondig (Handelinge 4:31).
- Bid ernstig dat die Here manne en vroue sal oprig wat Sy kruis getrou sal dra en wat bereid is om na die oesland van die nasies gestuur te word.

### Aanvullende Skrif

**Johannes 4:35 -** *Sê julle nie: 'Nog vier maande, dan is die oes daar' nie? Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes.*

**Lukas 19:10 -** *"Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is."*

**Johannes 3:17 -** *God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.*

## Sondag 9 Junie Ekonomie en besigheid



*Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn.* (Spreuke 3:9-10).

'n Ekonomie is die gebied van die produksie, verspreiding en handel, asook verbruik van goedere en dienste. Dit het te doen met rykdom en hulpbronne.

God stel belang in ons voorspoed as mense en ons ekonomie en rykdom as 'n nasie (Jeremia 29:11). Hy begeer om die ekonomie te seën, maar Hy sal nie ekonomiese stelsels seën wat in Mammon – die liefde vir geld – gewortel is nie. Om geld en materiële seën te hê is een ding, maar *om geld te dien* is 'n ander! Die probleem begin wanneer geld jou meester word (Matteus 6:24). Mammon wil die plek van God in jou lewe inneem. Hierdie gees wek hebsug op; dit skep 'n oormatige begeerte na materiële besittings en rykdom. Ware finansiële sukses kom wanneer ons God eer met ons finansies of besigheid, Sy plan volg en alles wat Hy gee volgens die beginsels van die Bybel bestuur.

'n Bybelse ekonomiese stelsel erken dat God die toename en die vermoë om welvaart te skep na vore bring – vry van gierigheid, wellus en korrupsie. Om sake op Bybelse waardes en beginsels te vestig, help om 'n gesonde ekonomie te laat groei.

- Laat ons ons bekeer van die tye wat ons in ooreenstemming gekom het met die gees van Mammon en sy ekonomiese stelsels, individueel, as die Kerk en as 'n nasie. Bid dat Suid-Afrika die bybelse waardes sal omhels waarop God die ekonomie ontwerp het om gevestig te word.
- Bid dat jongmense vinnig sal leer oor die verantwoordelikheid om 'n bestaan te maak en dat hulle goeie rentmeesters van hul finansies sal wees (Spreuke 21:5).
- Bid vir die besighede in die land om vry van korrupsie te wees. Bid dat bose dade ontbloot word sodat die goeie voorspoedig kan wees.
- Bid dat wanbestuur van openbare fondse deur die regering weens korrupsie stopgesit sal word en dat korrupte amptenare verwyder sal word.
- Bid vir groot maatskappye, dat hulle hul maatskappye sal bou op 'n grondslag van morele en etiese standaarde.
- Bid vir besighede om werksgeleenthede vir beide geskoolde en ongeskoolde mense te skep.
- Bid vir besighede om interne opleiding vir jongmense te skep.
- Bid vir die opleiding van entrepreneurs in skole om jongmense voor te berei om die sakewêreld met goeie werksetiek en integriteit te betree.
- Bid vir Christelike besighede om voorspoedig te wees en dat hulle mildelik sal bydra tot die bevordering van die koninkryk van God in hulle stede.
- Bid vir 'n stabiele ekonomie en vir 'n geleentheid vir ons geldeenheid om teen wêreld geldeenhede te stabiliseer.

- Bid dat Suid-Afrikaanse hulpbronne wat uitgevoer word, nie ons land van sy rykdom sal beroof nie, maar 'n geleentheid sal wees om plaaslike mense op te hef om voordeel te trek uit die rykdom van ons hulpbronne.
- Bid vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank en sy rol in die stabilisering van ons inkomste en belasting.

## Aanvullende Skrif

**Matteus 6:24 -** *Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.*

**Spreuke 28:22 -** *'n Inhalige mens wil gou ryk word; hy besef nie dat daar vir hom gebrek wag nie.*

**Spreuke 22:4 -** *Wie nederig is, dien die Here en ontvang rykdom, eer en lewe.*

***Matteus 6:10***

*Laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.*

